Die doop word vanoggend bedien aan Jana van Jaarsveld, babadogtertjie van Jan en Mia. Ons is saam met julle dankbaar oor hierdie genadedaad van God aan julle kindjie. Baie geluk ook aan ouma Elize Schutte en oumagrootjie Miemie de Beer.

Tema: Ware geloof vereis van jou ŉ beslissende keuse tot gehoorsaamheid aan God.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 464: 1, 2, 3
Sb 1-6: 1, 2, 3

God ontmoet ons
Intreelied Lied 168: 1, 2
Votum (lees vers 3)
Seën
Loflied Sb 2-4: 1, 2, 3
Belydenis van ons geloof uit Heidelbergse Kategismus Sondag 1, vraag 1 en 2

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Sb 9-1: Lees verse 1 - 10
Sing Sb 9-1: 11
Gebed

God praat met ons
Bediening van die doop
Doopformulier
Bediening van die doop
Sing: Sb 16-1: 1, 2, 7

Bediening van die Woord
Skriflesing: Handelinge 24 Teks: Handelinge 24: 24 en 25
Sing: Ps. 119-2: 7, 8
Woordverkondiging

Ons antwoord aan die Here
Gebed
Liefdegawe
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Sb 14-4: 1, 2, 3, 4
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Wat beteken geloof in Christus Jesus nou eintlik?

Toe Jan en Mia vanoggend die belofte moes aflê om hulle kind Godvresend en Christelik op te voed, het hierdie vraag deur ŉ mens se gedagtes gegaan: wat is dit wat hulle nou eintlik beloof? Wat is die kern van die Christelike geloof en waar begin ŉ mens om oor geloof in Christus te praat? Dit is ook die vraag wat Feliks en sy vrou Drusilla aan Paulus stel. Hulle wou meer weet van hierdie geloof in Christus wat Paulus so onverskrokke bely het..

Waaroor gaan dit nou eintlik, is wat hulle wou weet. En nou is dit opvallend brs. en srs. dat Paulus nie hier begin om die Christelike geloof sistematies vanuit die Ou Testament te verduidelik en te vertel hoe dit in Christus vervul is en alles wat Christus gedoen het nie. Hy het ook nie hier, soos tydens sy verhoor kort tevore, vertel van sy eie geloof in Christus en sy eie geloofsdade nie. Dit was nie vir hom nodig nie, want Feliks en Drusilla het baie kennis van die Christelike leer gehad.

En daarom dring Paulus dadelik deur na die kern – die wese - van die Christelike geloof en dit is wat die Here vanmore ook vir ons wil sê: Ware geloof vereis ŉ beslissende keuse tot gehoorsaamheid aan God. Dit vereis dat jy jou sonde erken en in gehoorsaam voor God lewe.

Geloof gaan dus oor jou persoonlike verhouding met God – dat jy in Christus glo as jou persoonlike Redder en hoe hierdie geloof jou daaglikse lewe verander sodat jy gehoorsaam aan God lewe!

Geloof gaan nie in die eerste plek oor kennis nie. Natuurlik is kennis baie belangrik en daarom moet ons deur goeie onderrig die nodige kennis geleer word. Die Gereformeerde Kerk het nog altyd baie erns hiermee gemaak en ouers begelei om hulle kinders leer en te sorg dat die kinders behoorlike kategese deurloop sodat hulle God kan ken!

Maar belangriker is hoe jy hierdie kennis van God in jou lewe gebruik – hoe dit jou lewe op God rig en hieroor wil Paulus met Feliks en Drusilla praat. Daarom konfronteer hy hulle baie reguit oor hulle persoonlike lewe voor God. Daarom praat Hy in hoofsaak oor drie dinge:
oor gehoorsaamheid aan God,
oor selfbeheersing en
oor die komende oordeel van Christus

Hoekom sou Paulus hierdie drie dinge uitgesonder het? Om dit te verstaan moet ons vir ŉ oomblik stilstaan by die persoonlike lewe van Feliks en Drusilla.

Feliks was eers ŉ slaaf wat deur bemiddeling van sy broer vrygekoop is, in die Romeinse adel ingebring is en ŉ pos in die staatsdiens gekry het. Sy agtergrond het van hom ŉ gierige en ongenaakbare politikus gemaak wat homself en ander deur omkoopgeld bevoordeel het.

As goewerneur het hy ook regterlike bevoegdheid gehad – hy het hofsake kon aanhoor en uitsprake daarin lewer - en as regter was hy dikwels onregverdig en eensydig. Dit blyk baie duidelik uit die feit hoe hy vir die Jode kant gekies het in Paulus se saak.

Sy huwelikslewe was gekenmerk deur onkuisheid want Drusilla was sy derde vrou en boonop het hy haar op slinkse wyse van haar man weggerokkel.

Van Drusilla weet ons dat sy die dogter van Koning Agrippa 1 was. Dit is hy waarvan ons in die Bybel lees wat deur die wurms verteer is toe die mense hom as god wou uitroep. Koning Agrippa het vir die skyn die Joodse godsdiens aangehang en daarom word sy dogter Drusilla ook ŉ Jodin genoem. Van ware geloof was daar nie by haar sprake nie dit was alles maar vir die skyn! Haar lewe het dit getoon. Sy het haarself met manipulering en slinksheid uit haar eerste huwelik bevry, haar tweede verloofde bedrieg en met Feliks getrou.

Met hierdie agtergrondkennis van die twee mense wat die vraag oor Christus kom vra, kan ons nou verstaan waarom Paulus met hulle oor gehoorsaamheid, selfbeheersing en die komende oordeel wou praat!. Want brs. en srs., geloof beteken dat God jou - in die lig van Christus se verlossingwerk - met jou sondige lewe konfronteer, dat jou persoonlike lewe voor God in die lig gestel word sodat jy jou lewe kan verander.

Ons het dit mos netnou in die Heidelbergse Kategismus bely: *Van die drie dinge wat vir jou nodig is om te weet om salig te lewe en te sterwe is die eerste dat jy die grootheid van jou sonde en ellende moet ken en besef.*

Daarom begin Paulus met hierdie twee mense by die kern van hulle sonde en konsentreer op drie dinge in hulle persoonlike lewe wat hy op pynlike wyse aan hulle uitspel:
1. Eers hulle ongehoorsaamheid. Hulle al twee het God geken en tog was hulle nie gehoorsaam aan hom nie. Hulle het geweet wat reg is en dit nogtans nie gedoen nie. Kennis alleen is dus nie genoeg nie.

2. Selfbeheersing: Hulle lewe het getuig van selfsugtigheid, gierigheid en sondige begeertes en daarom moes hulle hoor van selfbeheersing. Selfbeheersing wat beteken dat ek nie my eie wil en begeertes voorop stel nie, maar altyd eers soek na God se wil en na die dinge wat vir my naaste tot voordeel sal strek is. Dat ek nie doen wat ek wil nie – maar altyd eers vra: wat wil God hê moet ek doen en dit dan doen!

3. God se oordeel: Drusilla het God se oordeel eerstehands beleef as dogter van ŉ koning wat deur God se oordeel getref is, toe haar pa op wrede wyse gesterf het omdat hy God verag het en wou gehad het dat die mens hom moet aanbid! En Felix - die goewerneur - wat ŉ onregverdige regter was en sedeloos gelewe het, moes hoor van Christus wat weer kom op die wolke om te oordeel oor die lewe van mense. Hulle moes hoor dat God kom oordeel oor jou lewe voor Hom.

So, brs. en srs., op ŉ reguit en indringende wyse beteken geloof dat jou persoonlike lewe voor God op die agenda kom. So werk die Here met elkeen van ons. Hy wys ons eers op die sonde in ons persoonlike verhouding met Hom wat geopenbaar word in ons lewe voor Hom. Geloof beteken dan dat ek bereid is om hierna te luister. Dat ek bereid is om te erken dat God reg is en ek verkeerd is. Dat ek bereid is om my verkeerde dade en lewe te erken en dit voor God te bely.

Baie mense is nie bereid om dit te erken nie. Ons leef nog steeds in ŉ wêreld waarin die mens glo dat hy perfek en volmaak is en dat niks in sy lewe verkeerd is nie. Dat die mens self kan besluit wat goed en kwaad is. Ons maak maar self ook so. Ons probeer om ons

sonde weg te steek en te ontken. Want dit maak seer om op jou foute gewys te word. Dit is nie lekker om te hoor dat jy verkeerd dink en doen nie.

Brs. en srs., ons almal weet waarvan die Here hier praat want Hy werk net so met my en jou. Ek en jy weet watter sondige dinge is daar waaraan die Here ons gedurig herinner. Daardie seer en ongemaklike dinge in my lewe voor Hom waaraan Hy my deur die Woord en die Heilige Gees gedurig herinner. Sondes waarvan ’n mens maar al te goed bewus is, maar doelbewus of onbewus bedek. Dié sondes waarvan Hy wil hé dat ek my sal bekeer.

Want sien, Feliks en Drusilla, het voor ’n keuse te staan gekom. Hulle het gekom om te hoor waaroor geloof in Jesus Christus nou eintlik gaan. en wat hoor hulle: Hulle hoor dat God sê: Geloof gaan in die eerste plek dat jy jou sondes ken en bely. Jy kan nie maar net sê dat jy in God glo maar jy leef nie volgens sy wil nie!

En al manier hoe jy volgens God se wil kan leef is om te weet hoe sondig jy is! En nou staan Felix en Drusilla voor ’n keuse: of hulle erken en bely hulle verkeerde lewe en vind dan die wonderlike genade in Jesus Christus waarmee Hy jou sonde vergewe en jou lewe nuut maak OF hulle verwerp hierdie Christus en geloof in Hom.

Wat doen hulle?
Feliks - getrou aan sy aard - stel uit. Hy wil nie nou die keuse maak nie. Dit was in sy aard. Hy het gedurig uitgestel want hy wou nooit besliste keuses maak nie. Hy wou altyd eers oorweeg wat vir hom die beste was. En weer stel hy uit want hy het bang geword. Hy kon nie mooi besluit wat in hierdie geval vir hom die beste was nie en daarom was hy bang en laat Paulus gaan. En van afstel kom uitstel.
Feliks en Drusilla het hierdie keer weer die verkeerde keuse gemaak.

Br. en sr., jy en ek staan elke dag voor hierdie keuse in ons lewe. Ons moenie dieselfde fout as hulle maak nie. Moenie uitstel om ’n besluit oor jou lewe voor God te maak nie. Kom ons erken ons sonde en gryp vas aan die genade van Christus.

Want dit is wat Feliks moes doen. Die keuse is eenvoudig: erken en bely jou sonde. Al maak dit hoe seer, al is dit hoe vernederend. Want daar begin geloof. Geloof begin daar waar jy as sondaar voor God staan en bely: Here ek het gesondig. Moenie bang wees vir die pyn daarvan nie. Want alleen deur die pyn kom daar genesing vir ’n mens.

Want dan hoor jy die wonderlike evangelieboodskap: jou sondes word in Jesus Christus jou vergewe. God reken jou dit nie toe nie. Jy word daarvan verlos en bevry. Jy hoef nie die oordeel van God te vrees nie – want jy het Sy genade in Christus ontvang!
Gaan leef nou in dankbare gehoorsaamheid voor God. Gaan verander nou jou lewe soos God dit wil hê Nou kan jy met die krag en leiding van die Heilige Gees jou lewe in gehoorsaamheid aan God lewe!

Feliks wou dit nie doen nie. Hy het later weer vir Paulus laat roep en na hom geluister, maar nou met die versluierde agenda dat hierdie gesprekke Paulus die kans sou gee om vir Feliks omkoopgeld aan te bied en hom los te laat.
Feliks het sy sonde nie wou herken en erken nie en daarin bly voortleef. Daarom het hy die oordeel van God tereg gevrees.

Dit is nie die pad wat ons hoef te loop nie: Geloof beteken – dat jy diep bewus van jou gebroke lewe - ook weet dat Jesus Christus jou sonde vergewe en Hy jou die krag gee om daarteen te stry. Dat Hy jou bekeer en jou in staat stel sodat jy jouself kan bekeer. Daarom hoef ons nie te vrees nie, maar na Christus te vlug vir ons verlossing.

En, brs. en srs. omdat ons dit weet: kan ons lewens nie dieselfde bly nie! Geloof vereis ŉ persoonlike keuse oor jou persoonlike lewe om jou sonde te erken en in gehoorsaam voor God te lewe. Daarom moet ons lewens anders wees!

Het dit nie al so geword dat ons hoor en hoor en meer en meer kennis kry – maar dat ons lewens nie verander nie! Dat ons die Here se Woord hoor – maar dit maak geen impak meer nie omdat ek dink ek is eintlik okay! Ek sien nie meer my eie sonde raak nie en ek hanteer dit nie so met God nie?

Geliefdes, wat Jan en Mia dus eintlik beloof het, is dat hulle kinders sal sien hoe hulle geloof in God hulle lewens verander! Hoe hulle diep bewus is van hulle sonde maar dit in geloof na Christus neem en vergifnis ontvang! Hoe hulle op grond van hierdie genade dan gehoorsaam aan God leef! Hoe hulle lewens verander word om God te dien! En hierin sal hulle kinders hulle volg!

*Geliefde gemeente: dit is waaroor geloof gaan – hier begin dit. Kom elkeen van ons gaan dink weer ernstig hieroor na! Is dit nog hoe ek en jy voor die Here leef of het ons geloof ook al maar net ŉ skyngeloof geword waarin ons die Here goed ken – maar ons lewens getuig nie daarvan nie! Ons lewens word nie verander om aan God gehoorsaam te wees nie!*

*Mag die Here ons almal deur sy Gees lei om reg te begin: die regte keuse te maak en ons lewe voor God te stel, sodat ons uit sy wonderlike genade in Christus kan lewe.*

*Amen*